Geestelike Aanneming

Dankie, Broer Neville. Goeiemôre, vriende. So bly om hier te wees vanmôre, en om hierdie bekendstelling van die pastoor te hê. Dit was baie goed. O, julle weet, gepraat van die perde, julle weet, om 'n toom aan hulle te sit, het hulle geweet die werk sou kom. Wel, dis, ek's bly die Here maak ons 'n werkesel, sodat ons nog kan werk. So, ons is nooit, nooit te moeg om iets vir die Here te doen, as dit vir ons bepaal is om dit te doen nie. Alhoewel, was baie moeg vandag. Ek het net 'n vreeslike tyd gehad, in die laaste paar dae.

2 Kalifornië toe gegaan, moes ek met 'n passasierstrein gaan. En, ek sê vir julle, praat van stamp-stamp! Die heelpad soontoe, drie-en-vyftig uur om daar te kom, en daar gekom teen twee-uur in die oggend. Om vyf, moes ek opstaan en 'n radio-diens gaan preek. Toe, die Christen Sakemanne, moes ek weer preek vir hulle internasionale byeenkoms. En toe daardie middag, het ek gepreek by een of ander groot Baptiste tabernakel, en toe die . . . daardie nag. En toe net aangegaan, elke paar uur gepreek, totdat ons uiteindelik Maandagaand gekom het by die Angelus Tempel. En toe 'n trein gehaal teen elfuur, en het vier-en-sestig uur geneem om by die huis te kom. So julle kan julle voorstel, ingekom, eergister, en net . . .

3 En, gister, het my vrou iets oor die vyftig oproepe geregistreer, om te kom bid vir die mense. Gisteroggend, alleen, sien, iets oor die vyftig oproepe. Natuurlik, almal van hulle was nie plaaslik nie. Hulle was—hulle was nasionale oproepe, maar net: "Sal, sal jy Florida toe kom? Kan jy *hier*natoe kom? Hierdie is Louisville." Hulle . . . Hoe gaan jy nou kies, uit daardie drie-en-vyftig, net vir een oggend? So, julle kan julle voorstel.

4 So, gistermiddag, het ek kom sien, onder sommige van ons liewe kosbare vriende, net watter duiwel siekte is. 'n Jongman wat ek geken het jare gelede, wat blakend gesond was, atletiese jongman. En hy is nou omtrent my ouderdom, en jy sal sê hy's negentig. En hy lê, op sterwe by Henryville. 'n Vriend van my goeie broer hier, Broer Neville, was Kermit Spurgeon; sy vader, 'n Evangelie prediker, en 'n onderwyser, en 'n baie goeie man.

5 Ek het in die huis ingestap nadat Broer Neville my vertel het die seun is op sterwe, en ons het die groot voorreg gehad om hom na die Here Jesus toe te lei, gister, vir die verlossing van sy siel. En ek en sy vrou het saamgestem en ernstig vir hom gebid, na 'n kanker hom opgevreet het; van iets oor die tweehonderd pond, af na, ek twyfel of hy sestig geweeg het. So, ons glo en hou vas, dat God hom sal genees. Dit, ons weet nie wat gaan gebeur nie. Maar, een ding wat ons weet, dat hy oorgegaan het uit die dood

na die Lewe. En ek wonder wat sy arme ou blinde pa gedink het toe daardie boodskap hom bereik het, na al die jare van bid vir hom, en na alles. "Leer 'n kind om die regte pad te kies," sien. En ek weet hy het die regte voorbeeld voor hom gehad.

6 Van daar af beweeg, onder na New Albany, na 'n Mev. Slaughter wat hierbuite gewoon het, en die dokters haar tot sesuur gegee het, om te lewe. So, dit was baie, baie pateties, om te wag. 'n Ander plek.

7 'n Jong kêrel wat altyd langs my gebly het daar, hy wat net rondgeloop het, normale seun, gewerk by die Bell Telefoon Maatskappy, omtrent iets oor die twintig jaar oud. Gekry . . . 'n Pa van drie of vier kindertjies. Sy dogtertjie het nou die dag geval en haar arm gebreek. Hy het 'n lam gevoel in sy hand begin kry; dit het hom verlam. Hulle weet nie eers wat verkeerd is met hom nie. Hy lê daarbuite, en daar is hy.

8 Net een ding na die ander, en siekte aan elke kant. Ek's so bly daar's 'n uitweg. Ek's so bly dat ons ook nie vir ewig hier hoef te bly nie. Is julle nie? [Die gemeente sê: "Amen."—Red.] Wat sou ons doen as ek vir ewig in hierdie peshuis moes woon? Ek's so bly dat daar 'n oop deur is. En dis al wat die aarde is, is net 'n peshuis. Dis . . . Net sodra jy dink ons gaan goed aan, dan kom hier iets anders, en, tog, hier kom iets anders. Maar, ek's so bly dat daar 'n uitweg is; so bly dat die Here Jesus gekom het en 'n weg vir ons gemaak het, 'n uitweg.

9 So, vanmôre, het my dierbare geliefde Suster Cox vir my vertel dat iemand gekom het, omdat ons die plaaslike mense gevra het om te kom om voor gebid te word, en miskien nie langer kon bly as 'n paar minute nie. En dan sal ek miskien vir hulle bid voor ek die diens hou, en, dan, as hulle moes teruggaan.

10 En ek het gedink, toe, vir die res van hulle wat wou bly, sou ek my preek soort van verkort, vanmôre, aangesien ek hees is, en—en onmiddellik nou moet gaan na 'n ander byeenkoms toe. En so ek . . . En Chicago byeenkoms begin volgende Saterdag.

11 En, dan, dink ek dat die uur aangebreek het dat hierdie deel van die land 'n groot besoek moet ontvang, met die koms van ons edele broer, Billy Graham, na Louisville, hierdie komende week. Hy begin dieselfde tyd, Louisville, wat ek in Chicago begin. So, ek sal terug wees, egter, ek—ek wil hom persoonlik ontmoet, terwyl hy hier is. En 'n paar vriende gaan my aan hom voorstel. En ek was reg in dieselfde stad, oorsee, en baie verskillende plekke, maar net, so, ons het nog nie mekaar ontmoet nie.

12 En ek—ek vra hierdie kerk opreg, en hierdie groep mense wat vanmôre hier vergader is, om hierdie byeenkoms ter harte te neem, daar in Louisville.

13 Ek wil dit, net terloops sê. Het julle geweet dat sewe-en-tagtig persent van alle alkoholiese drank van Louisville, Kentucky af kom, wat—wat gedrink word in die Verenigde State?

Sewe-en-tagtig. Weet julle, dat omtrent negentig persent van alle tabak en goed uit Louisville, Kentucky kom? Weet julle dis die setel van Satan. Dit is beslis. Dit is beslis.

14 Een van die moeilikste plekke wat daar in die wêreld is, is hierdie ligging hier, om te breek vir die Here Jesus Christus. Hoeveel het ondergegaan in trane, in 'n poging om hierdie streek te breek, hierdie Valle Stede, vir die Here Jesus! Kyk, Erickson, hulle almal wat uitgestap het, selfs gehuil het, van hoe hulle probeer en probeer en probeer het. John Sproul het selfs 'n senuwee-ineenstorting gehad, by die Glorie Skuur daar, om sy beste te probeer doen om die ding te breek vir die Here Jesus. Hoe ander op die platvorm gestaan het, deur hierdie Valle Stede, en probeer het, en dit nie kon breek vir die Here Jesus nie.

15 Nou, ek dink Billy Graham is een van die beroemdste manne wat daar in die wêreld is vandag, in godsdiens, volgens my opinie. Natuurlik, ons het biskoppe en aartsbiskoppe. Maar, volgens my opinie, is hy 'n Evangelie prediker, 'n man van God. En so—en so ek dink hy sal . . . As Christenstryders, saam, laat ons onsself en harte bymekaarsit, en bid vir daardie byeenkoms, soos nog nooit tevore nie. En vra dat God, op een of ander manier, siele vir ons sal gee, en die setel van Satan sal afbreek, dat hulle elke stokery sal sluit en die tabakfabrieke sal afbrand, en die kerke sal vul en 'n regte outydse uitstorting van die Heilige Gees sal hê. Die Here seën!

16 Nou, ek het iets net 'n bietjie anders, 'n bietjie ongewoon vir die begin. My broer het 'n kleintjie hier wat hulle aan die Here wil toewy. En ek dink ons sal dit doen net voor die gebed vir die siekes, as God wil. En as Suster Gertie na die klavier toe sal kom. En hulle almal wat babatjies het . . .

17 Nou, in die Bybel, word ons hier geleer dat . . . Nou, baie—baie, baie mense, noem om hulle te doop, bietjie water op hulle te gooi, noem dit 'n "kinderdoop." Wel, nou, dis in die haak. Ja. Maak nie die baba seer nie, en ek's—ek's seker dit sal in die haak wees. En, ander, hulle het ander maniere waarop hulle dit doen. En, maar, ons hou altyd daarvan, net so na as wat ons kan, om by die Bybelse manier te hou om dit te doen. En, die Bybelse manier om dit te doen, geen plek in die Bybel waar hulle ooit het, met babas nie. Was . . .

Wel, nou, toe die Ou Testament, het hulle besny.

18 Ek wonder of 'n paar ouderlinge net die suster 'n bietjie sal skuif onder na een kant toe hier, as julle sal, totdat ons die toewyding het; die suster wat hier op die opvoubed is. En, so, jy gee nie om nie, dierbare suster? Dis net 'n oomblik. En ons . . .

19 En so dan, in die Ou Testament, het hulle—hulle die baba besny. En in die . . . Hulle het die baba besny.

20 En in die Nuwe Testament, die enigste manier wat hulle dit gedoen het, hulle het die kleintjies na die Here Jesus toe gebring,

en Hy het hulle opgetel in Sy hande, en hulle geseën. En gesê: "Laat die kindertjies na My toe kom, en verhinder hulle nie, want aan sulkes behoort die Koninkryk."

21 Nou, as daar enige ander moeder hier is, wat hulle babatjie het, wat hulle graag aan die Here wil toewy, sal ons bly wees om dit op hierdie tyd te doen. En nou mag ons . . . aandagtig.

22 Nou, wat is hierdie kêreltjie se naam? [Die vader sê: "Robert Lynn."—Red.] 'n Klein seuntjie, Robert Lynn. Nou, dis baie goed. Nou, hierdie is . . . Ek glo julle—julle het die baba aangeneem . . . ? . . .

23 Dit wys 'n—'n moeder se hart vir 'n kind. En deur hieraan te dink, hulle wat nie enige kinders het nie, tog een wou grootmaak, het hulle hierdie enetjie aangeneem. Besef julle dat ons almal aangenome kinders is? God het ons so liefgehad, dat Hy ons aangeneem het deur Sy Seun, Christus Jesus. En ons is almal aangenome kinders. En, onthou, soos hierdie vader en moeder dink aan hierdie kleintjie wat geen huis gehad het om na toe te gaan nie, het hulle dit 'n huis gegee, om dit groot te maak en dit te koester. Ons het geen huis gehad om na toe te gaan nie, en God het ons een gegee.

24 Dis aangenome kind. Sy naam is Robert Lynn Branham; 'n baie mooi, babatjie.

Sal ons nou ons hoof buig.

25 Ons dierbare Hemelse Vader, soos in die dae wat verby is, hoeveel vaders en moeders het hulle kleintjies in U hande opgelig! En U het gesê: "Laat die kindertjies na My toe kom, en verhinder hulle nie, want aan sulkes behoort die Koninkryk van die Hemel." En hierdie kindjie sonder 'n huis, is 'n huis gegee, en U het dit in hulle hart die liefde vir hierdie baba geplaas.

26 En, Vader, ons bid dat U hierdie moeder en vader sal seën, soos hulle die kind grootmaak. En mag dit grootgemaak word in 'n huis van gebed, en geleer word om kerk toe te gaan, en te lewe vir die Here Jesus. Seën dit, dierbare Hemelse Vader.

27 En, nou, as U hier op aarde was, in 'n vleeslike liggaam soos wat ons staan vanmôre, sou hulle die baba in U arm gegee het. Maar U het Hemel toe gegaan en ons verordineer om die bediening voort te sit totdat U terugkeer. En, Vader, soos my bloedbroer die baba plaas in my hande, gee ek dit vir U in Christus' Naam. Seën hierdie kind en mag dit lewe en gesond en sterk wees, en grootword om U dienskneg te wees. Seën die vader en moeder, in die huis. Ons gee dit vir U, in die Naam van die Here Jesus Christus. Amen.

28 Seën jou, Agness, wees 'n ware moeder; en jy, Jesse, 'n ware pappa vir hierdie baba. En mag God julle seën in julle pogings. En God sy met julle.

29 Aangename kennis! Wat is die baba se naam? [’n Suster sê: “Robert Darrel.”—Red.] Nog ’n Robert. Wel, dis gaaf. ’n Robert Darrel.

30 En wat is jou naam? [Suster sê: “Robertson.”—Red.] Jy’s ’n junior. [“Ja.”] En jou van? [“McCloud.”] McCloud. [Leë kol op band. Broer Branham bid vir die toewyding van die babas.]

Bring die gerwe in, bring die gerwe in,
O, dan bring ons met blydskap, al die gerwe in.

Saai dit in die oggend, saai dit in die aandtyd,
Saai dit in die middag en die aand se dou;
So kom dan die oestyd, en die maaityd nader,
Dan bring ons met blydskap, al die gerwe in.

31 Wel, dis gaaf. Die gerwe inbring, dis wat die vaders en moeders doen: hulle na die Here Jesus toe bring.

32 Die suster wat op die opvoubed lê, lyk die ergste van almal, sover ons kan sien. Sy is in ’n opvoubed. En ons sou . . . As daar enigeen is . . . Sy wil net ’n paar minute wag, om die Boodskap te hoor, voor daar vir haar gebid word. En ek dink dis baie, baie goed. As daar iemand hier is wat nie kan wag nie, en wil gaan, en as jy nou voor gebid wil word, sal ons dit met graagte doen, as jy net jou hand sal opsteek. Indien nie, sal ons die genesingsdiens net onmiddellik na afloop van die . . . ’n kort boodskap; net probeer uitkom saam met die Sondagskool. Goed. Dan sal ons die Skrif lees en die Boodskap hê en, vinnig, en dan ons tyd neem in die gebedsry.

33 En nou, voor ons begin, wil ek hê, julle almal wat gesond is vanmôre, om diegene wat siek is, te onthou, want ons moet vir mekaar bid.

34 En ek was so bly toe ek by Kalifornië gekom het nou die dag, en in daardie tebernakels ingegaan het waar hulle probeer uitstoot het. En by Clifton’s het hulle verder as ’n stadsblok gestaan, daarbuite in die straat, net om te getuig. En gesê: “Broer Branham, ek het eenkeer kanker gehad. Jy het vir my gebid. Ek—ek was blind. Ek was *hierdie*.”

35 En soos om in die straat af te gaan, en so ’n gevoel! Ek het gedink: “God, wat sal dit wees wanneer ons oorgaan en aan die ander kant kom? Daar is hulle, vergader by die tienduisende, wat daar staan.” En wat ’n wonderlike ding sal dit wees op daardie tyd! So, dan, sal ons moeë poginkies nie soveel beteken nie. Nou gaan ons net totdat ons, skynbaar, ons nie enigsins verder kan gaan nie, en net amper uitgeput is en omval.

36 En dan kom Satan verby, sê: “Wat help dit alles? Waarvoor doen jy dit?” Goeiste!

37 Maar dan dink jy aan sulke dinge soos daardie, dit verander dit, heeltemal. Dit maak . . . Dit maak die dinge anders.

38 Nou, voor ons die Woord nader, sal ons weer bid net 'n oomblik.

39 Ons Hemelse Vader, dis met dankbare harte wat ons na U toe kom. Inderdaad, Here, ken U die einste samestelling van 'n mens. En hoe swak en broos hy is, en hoe kragteloos hy is. En so 'n verskoning van 'n—'n dienskneg van U, is 'n mens, maar Here, U het deur U genade, vir ons geroep om U dienskneg te wees. En ons is bewus, vanmôre, van ons onwaardigheid, en ons vra dat U ons vandag sal aanvaar, Vader, en sal salf met die Heilige Gees, en vir ons die Woorde van troos sal spreek wat U in U Heilige Woord hier gespreek het. En ons bid dat die Heilige Gees elke Woord reg in die hart sal neem, net waar dit moet wees, en mag dit daar anker en uitspruit tot groot vreugde, bome van verlossing. Skenk dit, Vader.

40 Genees die siekes en die behoeftiges. Ons weet hulle sit hier. En baie het gekom vir baie myle, en in die hotelle en dinge gelê, in afwagting vir die geleentheid om voor gebid te word. Ons is so bly vir hierdie groot voorreg, Here, om te weet dat U hier is om die siekes te genees.

41 God, een van die siekste waarvan ons weet, is die sondesiek man en vrou. Ek bid, Hemelse Vader, dat hierdie dag, dat U, op 'n spesiale manier, sal salf, vandag, en diegene wat verlore is, sal red. Elke verlore man en vrou, mag hulle sagmoedig kom na die Troon van genade en gered word, want ons vra dit in Christus' Naam. Amen.

42 Nou mag die Here Sy seëninge voeg by die lees van Sy Woord, soos ons Daarop ingaan. Ek was altyd 'n groot gelowige in die Woord. Want hier, en 'n paar aande gelede, het ek iewers gepreek oor die—die profete wat opgegaan het om te profeteer. Maar, Miga . . . na vierhonderd profete een soliede front gevorm het. Tog, het Jósafat gesê: "Is daar nie net nog een nie?" Nog een, na vierhonderd klaar die Woord gegee het? Maar, Miga het gebly by die Woord van God. Hy het geweet daar was iets verkeerd.

43 En solank ons enigiets buite die Woord van God hoor, weet ons daar's iets verkeerd. Dit klink net nie reg nie. Jesus het gesê: "My skape ken My Stem, en hulle sal nie 'n vreemdeling volg nie."

44 En dankie, vir die gebed daarbuite, vir die Angelus Tempel herlewing. Die eerste aand daar . . . Dit hou net vyf-en-vyftighonderd; vyfduisend, vyfhonderd. Hulle het sesduisend ingelaat, en die brandweer offisier het die deure toegemaak, 'n uur-en-'n-half voordat ek daar gekom het, by die Angelus Tempel. En hoe ons dierbare Here Jesus dié wat verlore was, gered het en die siekes genees het! Dit was wonderlik. En die volgende dag . . .

45 En ons Sustertjie Hicks, wat altyd 'n Sondagskool onderwyseres hier was, ek het haar en haar kinders en man

ontmoet. En ek het Broer Ben Bryant en almal ontmoet, wat van hierdie tabernakel af, soontoe gegaan het, na die weste, om—om gemeenskap te hê daarbuite. Wat 'n wonderlike ruïnie was dit nie, om hulle almal weer te kon sien!

46 In die 17de hoofstuk van Matthéüs, net vir 'n voorlesing, vanmôre. Ek wil net 'n gedeelte hier lees vir 'n teks. En mag die Here vir ons die konteks in die Woord gee.

> *. . . ná ses dae het Jesus vir Petrus en Jakobus en Johannes, sy broer,* saamgeneem *en hulle op 'n hoë berg in die eensaamheid gebring.*
>
> *En Hy is voor hulle van gedaante verander, en Sy aangesig het geblink soos die son, en Sy klere het wit geword soos die lig.*
>
> *En kyk, daar verskyn aan* hom *Moses en Elía in gesprek met Hom.*
>
> *Toe begin Petrus vir Jesus te sê: "Here, dit is goed dat ons hier is;* wil . . . *laat ons* bou . . . *as U* wil, *laat ons hier* vir U *drie hutte maak: vir U een . . . vir Moses een en een vir Elía.*
>
> *Terwyl hy nog spreek, oordek 'n helderligte wolk hulle meteens en daar sê 'n stem uit die wolk: Dit is my geliefde Seun in wie Ek 'n welbehae het. Luister na Hom!*

47 Mag die Here Sy seëninge voeg by die lees van Sy Woord.

48 Partykeer ontmoet God in verskillende vergaderings van mense. God het altyd daarvan gehou om met die mens te vergader. En baiekeer, in die Ou Testament, hoe ons kan teruggaan en uitvind hoe God die mens ontmoet. En ongeag van hulle getalle, God ontmoet met die mens. Hy het eenkeer met vyfhonderd ontmoet. En Hy het weer, met sewentig ontmoet. Hy het weer, met die twaalf ontmoet. Hy het eenkeer met drie ontmoet. En toe het Hy weer met net een ontmoet. En ongeag van die getal van die vergadering, God hou altyd daarvan om die mens te ontmoet.

49 So, selfs al is die kerk nie vanmôre so 'n groot vergadering of grootte, soos baie katedrale vandag nie, maar God sal ons graag ontmoet. Want, Hy het gesê: "Waar twee of drie ook al vergader is in My Naam, daar sal Ek in hulle midde wees. Twee of drie sal vergader in My Naam, daar sal Ek in die midde van daardie twee of drie wees."

50 En die prentjie wat ons vandag hier kan plaas, deur die Heilige Gees, kan ons ure neem om op daardie teks in te gaan, ja, ek sou sê vir weke. En Daar is op ingegaan, vir jare, en, tog, is die helfte nog nooit ontbloot van hierdie wonderlike teks nie, en sal miskien nooit nie.

51 Want, die Woord van God is nie soos die woord van 'n mens nie. 'n Woord van 'n mens het 'n sekere betekenis, of die uitdrukking en die tyd wat dit gegee is, maar God se Woord het 'n Ewige betekenis deur die eeue heen soos Dit voortvloei. Elke geslag kan dieselfde Woord optel, want Dis geïnspireerde, Ewige, ewigdurend, onvervaagte verklaring van God. Maak nie saak of Dit . . . As die apostels Dit gelees het in hulle tydperk, het Dit iets beteken vir hulle; as Wesley Dit gelees het in sy tydperk, en Luther in sy tydperk, en Calvyn in sy tydperk. Tog, vandag, is Dit net so skerp en helder, en het net soveel effek as wat Dit gehad het vir hulle op die einste dag wat Dit gespreek is, want Dis God se Woord.

52 Ons woorde, net sê: "John, kom jy na my huis toe, ek sal bly wees om jou te sien." Dis ons woord, en dit beteken net: "John, kom na ons huis toe."

53 Maar wanneer God spreek, is dit Ewig. Dit word geblaas uit die einste asem van die onsterflike, ewige Skepper Self. So, daarom, is daar geen manier om die volle betekenis te vind van enige uitdrukking van God nie. Dis vir elke eeu, en elke geslag.

54 Nou, in hierdie geval, in die . . . wat ons voor ons het vanmôre, was God wat met drie individue gepraat het.

55 Nou, *drie*, eers, is God se uitverkore getal van "volmaaktheid." God het drie gekies, en drie is God se getal van volmaaktheid. *Sewe* is Sy getal van "aanbidding." *Vyftig* is Sy getal van "jubileum." *Veertig* is Sy getal van "versoeking." En drie is Sy getal wat Hy gekies het om op te gaan, op hierdie dag.

56 Nou, drie is die getal van volmaaktheid, dit is, dat God vervolmaak is; die een, ware, Ewige God, word vervolmaak in die drie bedelings van Sy Godheid manifestasie: Vader, Seun, Heilige Gees. Beteken nie dat daar drie verskillende individuele gode is. Maar, daar is een God verteenwoordig in die drie. God is nie drie nie. God is een. Maar, drie manifestasies van Sy Godheid, wat beteken, drie bedelings van tyd op aarde vervolmaak die een, ware en lewende God.

57 Hy het verskyn aan Abraham in die brandende bos, en die kinders van Israel gelei, in die naam van God, die Vader, wat 'n Lig was wat oor die tabernakel gehang het, wat hulle gelei het in hulle reis. God, die Vader. En toe het die Vader, om versoening te bring tussen God en die mens . . .

58 Soos wat ek hier gesê het 'n tyd gelede, ek glo, die laaste keer wat ek by die tabernakel was, oor die duif en die lam. Hoedat God, alleen, . . . Niemand anders kon dit doen nie. God moes aarde toe kom en die werk Self doen. En toe Hy Sy Seun in die vorm van 'n lam voorgestel het, die sagmoedigste van al die skepsels, en Hy Homself voorgestel het in die vorm van 'n duif, die sagmoedigste van al die voëls wat in die hemel vlieg. En die rede waarom Hy dit gedoen het, is om vir ons te wys dat net

sagmoedigheid sal bly by sagmoedigheid, nederigheid sal bly by nederigheid. Dit moet ooreenstem.

59 ’n Skrynwerker, of ’n kabinetmaker, wat weet wat dit is om ’n voeg te maak, soos ons dit noem, om groewe te maak, of die tong-en-groef. Om die plank volledig te maak, is om tong-en-groef te maak. En wanneer hulle bymekaarkom, pas hulle so styf teen mekaar. Met water op hulle, sou hulle swel tot selfs lug nie sy pad kon deurkry nie.

60 En wanneer die gelowige en God. . . God word so vervolmaak, dat, deur die kap en vorm van die gelowige, wanneer hulle bymekaarkom. Petrus het gesê: “Bekeer, dan, en word gedoop in die Naam van Jesus Christus vir die vergewing van julle sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang.” Sien? Maak hulle so volledig!

61 Toe, toe God afgekom het in die vorm van ’n duif, en op die Lam geland en in die Lam gebly het, en nooit die Lam verlaat het nie, want hulle was een. Dit was een van die grootste gebeurtenisse wat die wêreld ooit gehad het. Kom ons kyk net daarna net vir ’n paar oomblikke, van my teks af, maar hoedat die hemel en aarde mekaar omhels het. Hoedat God en die mens verenig is! Hoedat selfs die skepsels wat in die hemele vlieg, en die diere wat oor die veld trek, een geword het, toe die mens en God verenig is, deur die Mens, die Here Jesus Christus. Wat ’n wonderlike ding!

62 Om by God te bly, bly saggeaard. God is saggeaard. Om by God te bly, bly by liefde. God is liefde. Bly sagmoedig. Bly. . . Moet nooit selfversorgend wees nie. Maak altyd staat op Hom. Moet nooit jou eie verstand gebruik nie; neem Sy gedagtes. Laat Sy gedagtes jou gedagtes wees. En neem Hulle in jou vleeslike verstand in, en herhaal Hulle. En sê: “O God, neem al my twyfel weg, en laat my gedagtes U gedagtes wees.” En julle siek mense, doen dit soos ons praat. Neem net weg, werp die gedagte van siekte af. Neem God se genesingsgedagtes, laat Hulle jou gedagte word.

63 “Dink aan hierdie dinge,” het die Bybel gesê: “watter lof daar ook al is, watter deug daar ook al is.”

64 Die drie, God wat met hulle gepraat het. Nou, drie is ’n bevestiging. Hy het saam met Hom geneem, Petrus, geloof; Jakobus, hoop; Johannes, liefde. “Geloof, hoop, en liefde, hierdie drie.” As jy geloof en hoop en liefde kan hê, dan is jy naby aan die Koninkryk van die Hemel; die drie groot dinge. God het daardie geneem as ’n bevestiging, want: “In die mond van twee of drie getuies, laat elke woord bevestig word.”

65 Dan, weer, het dit die plasing van ’n seun verteenwoordig. In die Ou Testament, wanneer ’n seun gebore is in ’n familie, is daar ’n leermeester vir hom gegee om hom groot te maak en vir hom

te sorg. Die vader was ’n baie besige man, oor sy koninkryk. En elke koninkrykie is ’n huis genoem.

66 Dis hoe, in die Koning James vertaling, Johannes 14, gesê het: “In My Vader se huis is baie wonings.” Nou, dit klink net nie presies reg vir ons westerse mense, wat ’n huis en ’n woning as verskillend sien nie. Maar in die dae wat die Bybel geskryf is, was die woning in die huis, want die huis het die koninkryk beteken.

67 En hierdie vader het baie huurders op sy plaas gehad, oral, dosyne van hulle. En wanneer ’n seun gebore is, het hy ’n uitverkore, geleerde, nederige persoon gehad, ’n uitverkore persoon wat een van sy boesem was, deel van sy koninkryk, ’n leermeester. Slegs daardie soort sou die vader oor sy seun plaas.

68 En hoe die Vader vandag die regte soort Leermeester oor Sy seuns, ek en jy, geplaas het. ’n Uitverkorene, niemand anders as die einste hart en siel van die Here Jesus, om groot te maak in die bewondering van God.

69 Hoedat hierdie leermeester uitverkies moet word! Hy moet ’n briljante man wees, ’n uitverkore man, ’n liefhebber van die vader, wat die kind net die regte beginsels sou leer.

70 En hoe die Heilige Gees, vandag, wanneer Hy kom, alle ander dinge is skynbaar so sekondêr wanneer die Heilige Gees kom. Die mense kan sê: “Dae van wonderwerke is verby,” maar laat die man wat wedergebore is uit die Heilige Gees, eenkeer, voor dit te staan kom. Want, Hy onderrig net dit wat werklik is. Hy praat net van die Vader.

71 Ek sou liewer ’n man wil hê wat nie sy ABC’s ken nie, om my kind te onderrig, wat die Heilige Gees gehad het, as al die professors in die wêreld, wat nie die Heilige Gees gehad het nie. Want, Hy praat van die Vader. Sien? En die Heilige Gees praat van die Vader. En dan sal Dit die kind leer: “Om nie rondgeslinger te word deur elke wind van lering” nie, maar om die beginsels te aanvaar en te glo wat die Vader neergelê het.

72 Dis die rede waarom Goddelike genesing so eenvoudig word, vir die ware gelowige, omdat hy geleer is, deur die Heilige Gees, om alle dinge te glo. Hoe kan ons ooit die Woord van die Skepper betwyfel?

73 Hoe het die wêreld ooit ontstaan? Waar het God die materiaal gekry om dit mee te maak? Het julle ooit gestop om daaraan te dink? Hy het dit net gespreek. En, in elk geval, die einste skepping wat nou hier is, is niks meer as die Woord van God wat gemanifesteer is nie. Dink daaraan. Die bome wat groei, is die Woord van God. Die berge wat opreik na die hemele, en ons laat, as ons die skoonheid wil raaksien, opkyk na die berg. En hoe verder jy teen die berg opgaan, hoe suiwerder en skoner word dit.

74 Gestaan oorkant in die gletser-velde van noordelike Brits-Columbië! Soos julle hier kyk, na die moeras; ’n bietjie hoër, loop

die water skoner, dit word blouer en suiwerder, die bome vervaag. Die hele natuur sê skynbaar: "Kyk op." En ver bo die bopunt van die gletser-ys, wat so helder is dat dit selfs soos die son skyn, kyk jy op. As jy gesonde en ware dinge wil sien, en suiwer dinge, kyk altyd op. Die berg wys daarna. Dawid het gesê: "Ek kyk op na die berge, waar sal my hulp vandaan kom. My hulp kom van die Here."

75 Die leermeester het altyd die kind gewys op die vader, en om die vader te glo. En, dan, was die leermeester 'n afrigter.

76 Vanmôre, terwyl ek gekyk het na my dierbare klein metgesel, en ek my seuntjie gesien het, toe hy sy klein woedebui gehad het aan tafel, met sy bakkie met sy eiers en goed, wat moeder so getrou voorberei het vir sy ontbyt. En sy het hom probeer leer om met sy lepel te eet. En hy wou die verkeerde hand gebruik.

77 Wel, vir my, ek het gesê: "Laat hom daardie hand gebruik." Maar die moeder het anders geweet. Sy het geweet, as sy hom so laat aanhou, sou hy óf dubbelhandig wees óf hy sou linkshandig wees, en dis nie normaal nie. So, as 'n regte afrigter, het sy hom van hande laat verwissel, al het hy nie daarvan gehou nie. Maar, die moeder het geweet wat die beste was.

78 En baiekeer, ons afrigter, die Heilige Gees; ons probeer dit op die verkeerde manier doen. Maar, partykeer maak dit ons seer. Partykeer mag ons op 'n bed van beproewing lê. Partykeer mag die dokter sê dat daar geen hoop meer is nie. Maar, dis die Heilige Gees wat vir ons leer om die regte hand te gebruik. Hy weet wat die beste is. Hy weet hoe die Vader dit gedoen wil hê. Hy is die afrigter. En ek het gedink . . .

79 Klein Joseph, hy wou nie die hand gebruik nie, so die moeder steek haar hand uit en kry haar lat, omtrent so lank, en sy het dit teen die kant getik. Hy het na my gekyk. Maar, alhoewel ek hom liefhet met my hele hart, sou vrylik vir hom sterf, maar ek het geweet die moeder weet die beste. Ek het gesê: "Sy lei die kind op."

80 Ons kan nie soek vir simpatie, en te veel kere mee gesimpatiseer word nie. Ons moet luister na die kinder-opleiding van ons Vader. Hy weet wat die beste is. Partykeer sê ons, wanneer die Evangelie gepreek word: "O, ek sal net na my kerk toe gaan, hulle sal nie . . . Ja, ek sal Dit net *so* glo." Sien? Maar, onthou, die Heilige Gees weet die beste. Dit weet hoe om jou op te lei. Partykeer tik dit die lat, korrigeer jou. [Broer Branham klop sewe keer op die preekstoel—Red.] Jy moet onthou, God het Hom die—die kinder-afrigter van die Kerk gemaak. En Hy het die Vader lief, en Hy sal altyd wys na die Vader.

81 En, nou, wanneer die kind opgelei was, het dit nie beteken die kind . . . Die kind is sekerlik 'n kind van die vader. Maar as dit altyd 'n ongehoorsame kind was, die afrigter altyd probleme daarmee gehad het. Altyd, was dit in-en-uit, op-en-af. Wel, dan,

moes hierdie boodskap na die vader toe gebring word, wanneer die vader vereis het. "Hoe vorder my kind?"

82 Dan sou dit moes sê: "Dit vaar nie so goed nie." Wel, dan, natuurlik, het dit die hart van die vader bedroef.

83 En dit doen vandag, wanneer die Heilige Gees ons rekord voor God moet bring. Wanneer ons kinders van God word, behoort ons waardig van ons roeping te wandel. Ons behoort waardig te wandel van alles wat God vir ons neergelê het om te doen. Want die Heilige Gees lei ons op, kinder-opleiding. Was julle ooit . . .

84 Toe ek 'n seun was, was my pappa anders as wat party van die moderne vaders vandag is. My pappa het geglo in pakslae gee, en hy het hulle regtig gegee. Ons het hulle onthou. En ek, nog, vandag, van sewe-en-veertig jaar, onthou ek hulle. Maar dit het my goed gedoen. Dit het my opgelei. As ek na die graf toe kon gaan vandag en hom opwek, sal die eerste ding wees wat ek sou doen, om sy hande te skud en hom te omhels vir wat hy gedoen het.

85 As ek so voel oor my aardse vader, wat sal dit daardie dag wees, wanneer ons in Sy Teenwoordigheid staan? Wanneer, ons die dinge sien gebeur tot ons voordeel, dat Hy ons hier 'n bietjie moes slaan, en ons kinder-opleiding gee, en die dinge van die wêreld wegneem, en ons as nederige kinders voor Hom laat wandel. Mag hard lyk aan die begin, maar God weet wat Hy doen. Sekerlik. Hy weet wat Hy doen. En Hy, dan, soos die Heilige Gees die Woord begin bring . . .

86 Dan, as die kind nie gehoorsaam was wanneer dit volwassenheid bereik nie, die ouderdom van volwassenheid, dan . . . Die kind is altyd 'n seun, sekerlik, maar dit verloor iets.

87 En hier is die punt wat ek wil tuisbring. Mag die Heilige Gees dit tuisbring by elke hart van julle gelowiges. Net omdat jy 'n gelowige is, jy het sekerlik ewige Lewe; God het so gesê. Maar sou jy net wil inkom, soos Job gesê het: "ter nouernood"? Sou jy net voor die Vader wou kom, en die talent wat Hy elkeen van julle gegee het, as agterlosig, jy het dit net nie gebruik nie, of jy het iets anders in jou pad laat staan? Jy het beuselagtigheidjies toegelaat wat in elk geval niks vir jou beteken nie, bakleierytjies, en stryery, en argumente, en kerkverskille, om die saggeaardheid en sagmoedigheid uit jou lewe weg te neem. Sou jy so voor die Vader wou staan? Ek glo nie jy sou wou nie. Ek glo nie dat jy dit sou doen nie. Ek ook nie.

88 Hoe ek wil hê Hy moet sê: "Dit was welgedaan." Nie ter nouernood nie; maar: "Dit was welgedaan, My goeie en getroue dienskneg. Gaan in die vreugdes van die Here in, want jy het goed gedoen met wat jy moes doen."

89 Miskien is jy 'n huisvrou. As jy is, het God jou 'n onderwyser van jou kinders gemaak. Doen dit goed. Maak nie saak wat jy moet doen nie, doen dit goed.

90 Let op, dan, as die kind bewys het om regtig waardig te wees van die dinge wat die vader oor sy koninkryk gehad het, en regtig 'n getroue kind was, dan het die leermeester boodskap na die vader toe gebring: "O, jou seun . . . "

91 O, nou, dis die boodskap wat ek wil hê Hy moet van jou en my bring. "O, U seun, al sy gedagtes is op U. Al wat hy probeer doen, is om U te behaag. Hy is so geïnteresseerd in U sake, dat dit moeilik is om hom te keer."

92 Ek sal liewer net 'n bietjie oorgretig wees oor die Vader se Koninkryk, as om glad nie enige ywer te hê, Daarvoor nie. Ek sou liewer oorwerk. En soos 'n kerk van Christus prediker vir my gesê het, 'n tyd gelede: "Mnr. Branham, ek sal liewer—ek sal liewer uitwerk as oproes." En dis baie waar. Ek sou liewer gedaan raak: "en sterf in die harnas," soos Broer Neville gesê het, as om te weier om die harnas aan te trek. Jy kan nie enigsins erger vaar as om glad nie te probeer nie. Laat ons alles doen wat ons kan, met wat ons het om te doen. En die Heilige Gees, ons Leermeester, sal dit na die Vader toe bring.

93 En nou, let op, as die kind 'n dapper kind geword het, dan is dit vir die vader gesê. En by . . . O, ek is net lief vir die Woord! Op 'n bepaalde tyd, deur die vader alleen vasgetel, is die kind . . . sy glorie en eer is gemanifesteer voor die publiek. Die vader het sy eie kind geneem, onder 'n feesviering, en hom in die openbare plekke ingebring. Na sy . . . As sy eie seun, gebore in sy eie huis, tog, is die seun posisioneel geplaas in die familie, om alles te erf wat die vader gehad het. Sien julle dit?

94 Nou, as ons ons goed gedra, sal ons een glorieryke dag die erfgenaam word van alles. God, op Sy bepaalde dag, dat Hy alle mense sal oordeel volgens Christus Jesus. Die tyd sal aanbreek wanneer God die belonings sal uitdeel vir hulle wat getrou was, en die verwerping van hulle wat nie getrou was nie.

95 Net voor die vertrek van die Here Jesus . . . God wat in Hom was; die Duif wat die Lam gelei het. "Hy het nie gekom om Sy eie te doen nie, maar om die wil van die Vader te doen wat Hom gestuur het." Hy is gelei deur die Gees, om Petrus, Jakobus en Johannes te neem, na hierdie baie hoë berg. Ek hou daarvan!

96 En, nog 'n punt, as julle my sal verskoon om soveel tyd te neem, maar ek wil hierdie graag voor die gehoor plaas vanmôre, dat dit 'n ander betekenis gehad het. Na die vertrek van die berg en die afklim na onder, is die vraag gevra: "Wie sê die mense is Ek, die Seun van die mens? Wie? Wat sê die mense van My? Terwyl Ek by julle was, en Ek gemanifesteer is aan julle, wat sê die mense nou van My, die Seun van die mens?"

97 Hou dit dop. Wat 'n pragtige prentjie van vandag! Nadat jy Christus ontvang het, nadat jy gevul is met die Gees, wat sê mense dan van jou? Wat sê mense, dat wanneer hulle jou emosies so geroer sien word dat jy nie kan stilbly nie, die trane van vreugde wat teen jou wange afloop, wanneer jy nie jou hande kan laat sak wanneer hulle die liedere van Sion sing nie; wanneer jy nie kan stilbly nie, wanneer jy sonde sien en jy in vrede en rustig met hulle moet praat? Wat sê mense daarvan? Wat sê mense, dat wanneer jy lê, op sterwe, ellendig, beklaenswaardig, in 'n sterwende toestand, en jy 'n sekere kind van God vra om by jou aan te sluit in gebed vir jou genesing; en jy jou foute bely en die ding voor die Vader lê, sê: "Vader, vergewe my, en ek aanvaar nou Christus as my geneser," en jy word genees?

"Wat sê die mense Wie Ek, die Seun van die mens, is?"

98 Ek kyk na 'n gehoor mense, en sommige van julle ken ek; ellendig, jare gelede, sterwend aan kanker, die laaste stadium. Sommige van julle in alle soorte toestande, vorms, blind. En God, deur Sy genade, het julle genees. En soos julle julle dapper getuienis voor die mense gee . . .

"Wat sê die mense dat Ek die Seun van die mens . . . "?

99 Wat sê hulle daarvan? Hoe die prentjie selfs verander het van daardie dag af, egter, so donker soos dit was! Party sê: "Dis fanatisme." Party het Hom: "Beëlsebub" genoem. Party sê: "Dis verstandstelepatie." Party sê: "Dis opgewondenheid." Party sê: "Dis fanatisme." Party sê: "Dis emosioneel."

100 "Maar wat sê jy daarvan? Wat sê jy van hierdie ding?"

101 Voorbarige Petrus praat gewoonlik uit sy beurt, maar hierdie keer het hy nie. Hy het gesê: "U is die Christus, die Seun van die lewende God. Ek gee nie om wat die res van hulle sê nie. Dis wat ek weet. U is die Christus, die Seun van die lewende God."

102 Luister. Ons kan baie tyd daar spandeer. Maar laat ons voortgaan. Jesus het gesê: "Salig . . . " Al vervloek mense, al bespot mense. Mense mag sê jy's 'n holy-roller. Mense mag jou enige naam onder die son noem. Maar Hy het gesê: "Salig is jy, Simon Bar-Jona. Jou vader . . . "

103 Hier is dit nou. Is julle gereed? "Want vlees en bloed het dit nie aan jou geopenbaar nie. Jy het dit nooit deur een of ander dogmatiese kweekskool geleer nie. Jy het dit ook nie by 'n sekere verklaring van 'n man se teologie geleer nie. Vlees en bloed het dit nie aan jou geopenbaar nie, maar My Vader wat in die Hemel is, het dit aan jou geopenbaar." Sien waar dit vandaan kom? Deur die Leermeester, die Heilige Gees, het dit geopenbaar deur die openbaring.

104 "En Ek sê vir jou, jy is Petrus, klein rotsie. Ek is die groot Rots. Ek's die Hoeksteen, maar jy is die klein rotsie wat op My geplaas is. Die Bouers het jou gekies. Jy het nooit jouself gekies

nie. Die Bouers het jou gekies. Die Engele van God, een aand, wat in die steengroef gewerk het, het jou uitgeroep, en jy het jouself onderwerp aan My. En Ek het jou gekap op My eie manier. Ek het jou gemaak soos Ek wou hê jy moet wees. Ek het die saagwerk gedoen; jy het net stilgestaan. En Ek het jou nou geplaas as 'n klein steentjie, om in te pas by 'n ander steen, om daardie steen te lei; en *hierdie* steen lei *daardie* steen, *daardie* steen. En die sement van liefde bring julle bymekaar, om die Fondament te vorm, wat Ek is, om ingepas te word by elke steen wat My Naam bely en hierdie openbaring ontvang."

105 "En op hierdie rots, die openbaring van God, wat sal stilstaan en gekap word, (die steen, deur die openbaring), sal Ek My Kerk bou, en al die poorte van die hel sal Dit nie oorweldig nie." Om te wys dat al die poorte van die hel beslis daarteen sou wees, maar dit sal nooit oorwin nie.

106 En mag ek hierdie oomblik neem om dit te sê, my vriend, dat, die hele Kerk van die lewende God plegtig gebou is op die geestelike openbaring van die Here Jesus Christus. Maak nie saak hoe geleerd jy is, hoe slim jy mag wees, hoe goed jy dink jy ken die Bybel nie, Satan ken Dit baie beter as jy. Maar net deur die openbaring, God deur die Heilige Gees, jou Leermeester, het aan jou geopenbaar, dat Hy jou red deur Sy genade.

107 As Hy aan jou sou openbaar vanmôre, deur die openbaring, dat hierdie die einde van jou lyding is, hierdie die einde van jou siekte is, [Broer Branham klop vyf keer op die preekstoel—Red.] sal al die duiwels uit die hel nooit daardie fondament skud nie, al sê elke dokter dis verkeerd. "Want op hierdie rots sal Ek My Kerk bou, en die poorte van die hel sal Dit nooit oorweldig nie."

108 Al sou dit daarteen wees, tog kan dit nie oorweldig nie. "Want wanneer die vyand inkom soos 'n vloed, sal die Gees van God 'n standaard daarteen oprig," elke keer. Sien julle dit? Begryp julle dit? Nou, Jesus, wat openbaar is aan die dissipels.

109 Kyk in die tuin van Eden, toe Kain 'n offer gebring het in aanbidding, net soos Abel het. Hy het aanbid. Hy het betaal aan die kerk. Hy het geoffer. Hy het elke godsdienstige daad gedoen, helderder, beter, meer gepas, as wat Abel het. Hy het 'n beter altaar gebou. Hy het dit mooier gemaak. Hy het glans by sy aanbidding gevoeg. Sien julle daardie selfde trant steeds werk onder die seuns van Adam? Hy het glans daarin gesit, met die vrugte van die veld, en die groot lelie. En hy, nie net dit nie, maar hy het aanbid. "Daar is 'n weg wat reg lyk vir 'n mens." Maar, wat hy gedoen het is, hy het deur kennis aanbid. Hy het nie deur openbaring aanbid nie.

110 En dis moontlik. Kry dit nou. Luister. Jy kan deur kennis aanbid. Jy kan kerk toe gaan, deur kennis dat jy dit behoort te doen. Maar om so kerk toe te gaan, is om tevergeefs te aanbid. Maar wanneer daar iets gebeur onder in jou hart, wat jou vir God

laat liefhê, op so ’n manier dat jy nie kan wegbly van die kerk af nie, dis die openbaring, God wat openbaar.

111 Hulle het geen Bybel toe gehad nie. Hulle het nie eers papier of leiklip gehad om mee te werk nie. Hulle het geen skole van geleerdheid gehad nie. So, Abel, deur openbaring, is dit aan hom geopenbaar deur God, dat: “Dit nie skoonheid was, of die vrugte van die veld, of appels, wat hulle uit die tuin van Eden uitgedryf het nie, maar dit was bloed.” En dit is aan hom geopenbaar, en hy het gegaan en ’n lam gekry. Deur openbaring, het hy die Koms van die Regverdige Lam vooruit gesien. En dit is aan hom geopenbaar, so hy het ’n lam gekry. En het dit, deur ’n openbaring, aan God geoffer, en is aanvaar. Die hele Kerk is gebou op geestelike openbaring. Hoe pragtig!

112 Nou, om af te sluit. Hulle was op die berg. En nadat Jesus ’n gehoorsame Kind was; die vlees, die Lam, is gelei deur die Heilige Gees, God wat in Hom beweeg het. “Ek het nie gekom om My wil te doen nie, maar die wil van Hom wat My gestuur het. En die Een wat My gestuur het, die Vader wat My gestuur het, is met My. En soos die Vader My gestuur het, en saam met My gegaan het, so stuur Ek julle.” Hy het nie net gestuur nie, maar Hy het saam met Hom gegaan.

113 En God leer nie net ’n man en stuur hom uit met ’n verklaring van ’n kweekskool-ondervinding nie. Maar, as hy toegerus is, gaan God saam met hom. “Ek sal met julle wees, selfs in julle, tot aan die einde van die eeu.”

114 Let op, pragtig, o, hoe die Woord net so bymekaarkom! Hoe die Heilige Gees Dit saamvoeg in die harte van die mense, deur openbaring en liefde van die Here Jesus. Hou goed dop.

115 Daar, na gehoorsaamheid: “in die mond van twee of drie getuies,” die beste getuies wat op die aarde gestaan het. Liefde. . . Petrus, Jakobus, en Johannes; hoop, geloof, liefde. Onder die getuienisse van hoop, onder die getuienisse van geloof, onder die getuienis van liefde; het God Sy Seun geplaas, posisioneel, in die openbaar, van al drie grootste manifestasies (hoop, geloof en liefde) wat die wêreld ooit sal ken.

116 En, daar, soos die vader in die ou dae sy seun buitentoe geneem het en vir hom ’n kleed aangetrek het, en ’n seremonie gehou het, en daarna was die seun se naam net so goed soos die vader s’n. Die seun was erfgenaam van alles.

117 En God het Christus op die berg van verheerliking opgeneem, in die getuienis van hoop, geloof, en liefde, en Hom oorskadu met ’n Wolk. En die Bybel het gesê: “Sy klere het geskyn soos die son. En ’n Stem uit die Hemel, wat sê: ‘Dit is My geliefde Seun.’”

118 Nou, Petrus het baie opgewonde geraak, soos gewoonlik. Hy was ’n baie ywerige man. En ek wens ons was almal baie ywerig; baiekeer kan jy goeie dinge spreek in jou ywerige werke. Maar Petrus het baie entoesiasties geraak, toe hy regtig gesien het

wat gebeur het. God sou hom 'n getuienis laat gee binne 'n kort rukkie, na hulle ondertoe gegaan het. Maar toe hy gesien, staan het . . . Daar was drie hier: hoop, geloof, en liefde. En daar het drie daar gestaan op die berg: Petrus, Jakobus, en Johannes, *hier*. Moses, Elía, en Christus, wat *daar* gestaan het, as 'n bevestiging van hierdie drie hier. Nou, hulle het gekyk. Daar het Moses gestaan, eerste; volgende het Elía gestaan, die profeet.

119 En party mense vra ons: "Sal ons mekaar ken as ons daar kom?" Wanneer, Elía en Moses baie honderde jare heengegaan het. Ons sal nie net mekaar ken nie, ons sal hulle ken wat ons nooit gesien het nie. Petrus, Jakobus en Johannes, het nooit vir Moses gesien nie, en het hulle tog in 'n oogwink herken, toe hulle onder die Skadu van die Almagtige gestaan het. Wat sal dit wees wanneer ons Daar staan? Ek sal Sankey ken wanneer ek hom sien. Ek sal sy stem ken, al het ek hom nooit gehoor nie. Ek sal Wesley ken. Ek sal Moody, Calvyn, Knox ken. Ons sal hulle almal ken wanneer ons daar kom. Ons sal 'n ander aspek aanneem as wat ons nou is. Ons sal wees in 'n tydelike . . . of—of, in 'n verheerlikte toestand. Petrus, Jakobus, en Johannes was. So, in daardie voorskou, as hulle mans kon herken, sonder een gebrek, wat hulle nog nooit gesien het of 'n foto van gesien het nie, wat al vir honderde jare heengegaan het; maar, in 'n voorskou, hulle kon herken, binne 'n oomblik se tyd, sonder twyfel; wat sal dit wees wanneer ons verheerlik word, om in Sy Teenwoordigheid te staan? Sal ons mekaar ken? Sekerlik. Ons sal almal ken. 'n Klein bietjie oneindigheid sal oor ons kom, soos God oneindig is.

Let op. Ek moet afsluit. Soos hulle gekyk het, en Petrus . . .

120 Soos 'n baie goeie kweekskool-student sou sê: "Jy weet, ek glo alle kerke is reg. As jy ortodoks in jou geloof is, dit maak nie saak nie, so ons sal net die Mohammedane en die Boedhas hê, en hulle almal bymekaar hê."

121 Petrus het gesê: "Dis goed vir ons om hier te wees, en laat ons nou drie tabernakels bou. Ons sal 'n kweekskool hier bou vir Moses. Ons sal 'n kweekskool bou vir Elía. En almal wat onder die wet wil aanbid, ensovoorts, laat hulle aanbid." En nou let ons op. Hulle het gekyk, en Petrus en hulle, na Moses gekyk. Moses het die wet verteenwoordig.

122 God het vir die kinders van Israel die wet gegee omdat hulle die wet wou hê. God wou nie gehad het hulle moes dit hê nie. Dis die mens se keuse. In Eksodus 19, het hulle gesê: "Gee U vir ons iets om te doen, om ons saligheid te verdien. Ons sal 'n wet onderhou, as U dit vir ons sal gee," met ander woorde. Maar, dit was nooit God se plan nie.

123 Dis beter om net op te hou om self te beplan, en net Sy plan te gebruik. Ek vind dit baie makliker, om Sy plan te volg.

124 Daar het Moses gestaan, die wet. Petrus het gesê: "Wel, party van ons onderhou die wet." Nou, daar is geen vlees wat regverdig word deur die wet nie.

125 So, volgende, na God se wet daar gestaan het; die volgende, wat gestaan het, was Elía. Dis hoe hulle gekom het, in numeriese volgorde. Die volgende, wat gestaan het, was Elía, wat na Moses gekom het. En Elía het God se geregtigheid verteenwoordig, die profete. En Elía het Sy geregtigheid insoverre verteenwoordig, dat Elía vuur uit die hemel afgetrek het en die vyftig doodgemaak het. En hy het God se geregtigheid verteenwoordig.

So, Petrus wou God se wet en God se geregtigheid hê.

126 Geen mens kan deur die wet gered word nie. En as jy nalaat, om die wet te oortree, is daar net een ding oor, en dis die dood. Dis God se geregtigheid. God—God vereis dit. Sy regverdige wet moet . . . geregtigheid hê.

127 So, toe, terwyl Petrus gepraat het, sy tabernakel wou bou, en God gevra het of hy dit kon doen, toe het hulle omgekyk en net vir Jesus gesien.

128 Die wet het misluk. Laat ons, vanmôre, ons oë wegdraai van eie-geregtigheid, of iets wat ons gedoen het. Ek pleit nie vir die wet nie. Ek kan nie beoordeel word deur die wet nie, want ek is wetteloos. Geen mens het die wet onderhou nie. Hulle kon nie die wet onderhou nie.

129 En ook kan jy nie jouself red nie. Jy kan ook nie jouself genees nie. En as die wet, deur jou eie mensgemaakte wil, jy dit wou projekteer aan die plan, dan word daar net een ding deur die wet vereis, as jy misluk, dis geregtigheid. En, geregtigheid, is om veroordeel te word en vir altyd te sterf. Dit vereis 'n totale uitwissing. Want, hy wat een punt van die wet verbreek, is skuldig aan die hele wet. So, jy moet sterf, maar God . . . soos wat ons na God se wet kyk, en ons na God se geregtigheid kyk.

130 Laat ons ons oë na die ander kant toe wend. Kyk *hier*natoe. Daar het Jesus gestaan, wat God se liefde verteenwoordig het. Nie wet nie, nie geregtigheid nie, maar in Hom het die vervulling van beide wet en geregtigheid ontmoet. "Dit is My geliefde Seun." Geen selfgemaakte goed meer nie. Luister na julle leermeester. Dis hoekom Petrus kon sê: "U is die Christus, die Seun van die lewende God." Wet en geregtigheid het ontmoet in Christus, en dis God se liefde vir die menslike ras. God se liefde! "So lief het God die wêreld gehad!"

131 Genadige God, vanmôre, terwyl ek pleit vir hierdie gehoor, pleit ons nie vir die wet nie, ons vra nie vir enige wet nie. Ons wil nie geoordeel word volgens ons eie verdienste nie. Ek wil nie U geregtigheid hê nie, Here. Nee, nie vir U oordeel om oor my te kom nie; nooit nie, Here. Maar, ek pleit vir U genade.

132 Hy het gesê: "Luister na Hom." Waarom sou ek na Hom luister? Hy is die enigste een wat verlossing het. Maria, Josef, en al die ander heiliges was groot mense, maar net Hy. "Luister na Hom." Hy's die enigste bemiddelaar. Hy is die enigste middelaar tussen God en die mens, is Christus Jesus.

133 Waarom luister ek na Hom? Die wet kon my nie vrede gee nie; Hy kan. Geregtigheid kon my niks bring nie, net veroordeling. Hy gee my vrede en versoening. Die wet kon my veroordeel, want, as ek siek word, vereis die wet dat ek albei het, die wette van die natuur en die geregtigheid van God, word oor my voltrek, so ek moet die boete betaal. Maar ek draai my gevoelens en my oë, vanmôre, weg van beide wet en geregtigheid, en kyk na die liefde van God wat my weer terugversoen het met Hom, deur genade, en nie deur wet en deur geregtigheid nie. Maar, deur versoening, het Hy die prys betaal om die mens en God bymekaar te bring, om hulle een te maak.

134 Oorkant in Switserland, nie lank gelede nie . . . Terwyl ek afsluit met hierdie opmerking. Baie van julle kinders in die skool, ek reken julle het dit nog, van 'n ou storie wat nooit moet uitsterf nie. Tog, vervaag dit vandag, in ons land, maar dit sal nooit vervaag in Switserland waar dit gebeur het nie. Julle onthou in julle skool, in julle leesboek, van Arnold von Winkelried, die groot held van Switserland? Julle kan sy naam noem, vandag, bo in die Switserse Alpe, en hulle gesigte sal ophelder en die trane sal teen hulle wange afloop. Baie jare gelede . . .

135 Die Switsers is vredeliewende mense. Hulle is Duitsers wat, lank terug in die vroeë eeue, afgegaan het in die berge in, waar daar geen erts of niks is nie. Maar hulle het gekoop . . . Hulle het die intelligensie van die Duitsers gehad. Die Duitsers dink hy is 'n meester-ras, is waar, maar hy probeer 'n geweer of 'n bom uitvind wat die hele wêreld sal oorwin met sy intelligensie. Maar die Switser is 'n vredeliewende man. Hy gaan af en maak vir hom 'n . . . kry vir hom 'n bietjie materiaal, en maak vir sy buurman 'n horlosie, en lewe in vrede.

136 Toe, bo in die hoë Switserse berge, baie jare gelede, toe hulle hulle—hulle koninkryk gevestig het, of ek sou sê hulle regering, was hulle nie 'n militêre volk nie. Hulle was 'n vredeliewende volk.

137 En eendag, toe die invallers na hulle land toe gekom het en alles wat hulle gehad het, platgetrap het; niks, niks, maak nie saak wat hulle gebou het nie. Hulle het klippe teen die berg afgerol, en dit het hulle nooit gepla nie. En hulle het die Switserse leër vasgekeer gehad in 'n veld aan die onderpunt van 'n berg.

138 En dis so mooi in Switserland, hoe ek hulle dopgehou het, hoe hulle boer; en op die laaglande; en die volgende is die beeste, en dan verder teen die berg op is die skape, en heel bo aan die bokant is waar hulle met hulle bokke boer.

139 En hoe hulle hulle jodel het waarmee hierdie Amerikaanse Hollywood sogenaamde jodelsangers die spot dryf, nooit daarmee vergelyk nie. Hoe hulle hulle horing geblaas het in gevaar, wat, en elke buurman het saam gehardloop om te gaan help wanneer daar 'n behoefte was. En nou gebruik ons dit as 'n jazz-orkes, ruk-en-rol. O, dis so 'n . . . Hoe die besoedeling!

140 Luister, vriende. Ek sal die opmerking van my bestuurder maak: "As God nie gou oordeel gaan stuur vir hierdie owerspelige geslag mense nie, sal Hy Sodom en Gomorra moet oprig, en om verskoning vra dat Hy hulle verbrand het." Dis reg. Sekerlik. Hy is regverdig, en daar kan niks anders gedoen word behalwe dat God dit moet doen nie. En terwyl genade Sy arms oophou, vlug Soontoe.

141 En daar, bo in die berg, terwyl hierdie leërtjie bewapen was met dit wat hulle kon vind, van skilde, en stokke, en saaglemme, en wat hulle ook al gehad het, en hooivurke. Vasgekeer, die groot vyandelike leër het gekom met net soos 'n soliede baksteenmuur. Hulle almal was opgeleide manne, en groot spiese, en hulle het voortmarsjeer, naby, hierdie Switserse leërtjie vasgekeer teen die berg. Hulle was sonder hoop. Alles wat hulle gehad het, was swart en duister, en niks kon hulle red nie.

142 Naderhand, uit hulle midde, het daar 'n kreet opgeklink van een, Arnold von Winkelried. En hy het uitgestap, en hy het gesê: "Broers, vandag sterf ek vir Switserland en vir sy vryheid." Hy het gesê: "Ons is lief vir ons tuisland en waarvoor ons vaders geveg het, en wat ons vaders wou hê ons moet hê. En, vandag, is ons groot ekonomie op die spel. En vandag gee ek my lewe vrylik vir Switserland." Hy het gesê: "Oorkant, agter die berg, is my pragtige huis, en my lieflike, gawe vrou, en my kindertjies, wat verwag dat ek terugkom. Maar," gesê: "ek sal hulle nooit weer op hierdie aarde sien nie." Hy het gesê: "Vandag, sal ek sterf vir Switserland." Hy . . .

Hulle het gesê: "Wat sal jy doen, Arnold von Winkelried?"

143 Hy het gesê: "Volg my. Ek sal die linies van die leër breek. Ek sal hulle belering breek. En dan neem jy wat jy ook al het, en veg so goed as wat jy kan. As 'n vegter, veg met wat jy het, so goed as wat jy kan."

144 En hy het sy arms opgegooi, en hy het rondgekyk na waar die grootste spiese vandaan gekom het, soos hy nadergekruip het. En hy het sy arms opgegooi en geskree: "Maak plek vir vryheid!" En hy het na daardie naderende baksteenmuur toe gehardloop. "Maak plek vir vryheid!" het hy geskree. En hy het gehardloop na die digste spiese, en sy arms om die spiese gegooi, en hulle in sy bors ingetrek en gesterf. En die Switserse mans, soos hulle hom gevolg het, met wat hulle gehad het. Dit het so 'n opgewondenheid veroorsaak, totdat dit hulle linie gebreek het. Elke man was uit plek uit; hulle het nie geweet wat om te

doen nie. En die Switsers het ingehardloop en ’n oorwinning behaal, en Switserland het nog nooit weer ’n oorlog gehad nie. Dit sal lank onthou word in Switserland, solank as wat daar ’n Switserland is, sal Arnold von Winkelried onthou word.

145 Maar, dis ’n wonderlike heldedaad, nooit is daar mee vergelyk nie, maar dis ’n kleinigheid, net ’n kleinigheid, teenoor eendag toe die seuns van Adam . . .

146 Toe die wet misluk het, en toe die geregtigheid van die profete misluk het; waar die wet swak was en nie kon red, deur die offerande van die lam nie. Die dierebloed en die dierlike gees kon nie terugkom nie. Dit het misluk. Satan het beter geweet as dit. En toe die geregtigheid van God, tog, wat die vuur afgeroep en die vyftig verbrand het, en die oordele wat die profete op die aarde gebring het, het die mens die heeltyd na die verderf gegaan. Daar was geen hoop nie. God het die wet gestuur, God het die profete gestuur; en hulle het almal misluk. Daar was geen hoop meer, vir die mensdom nie.

147 Eendag, in die midde van die sfere van die Heerlikheid, het die Seun van God uitgestap. Hy het gesê: “Hierdie dag, sal Ek gaan en die seuns van Adam bevry.” En Hy het daar gestaan, toe alle hoop . . .

148 Die duiwel sou siekte op ons plaas, hy sou sonde op ons plaas, en ons sou dit moes aanvaar; geregtigheid van die wet het dit vereis. En as ons nie die wet aanvaar het nie, wat ons almal veroordeel is deur die wet, sou net geregtigheid voltrek word. Daar was geen uitweg nie; niks wat ons kon doen nie.

149 Maar Hy het uitgestap. Die Engel het gesê: “Wat sal U doen?” Hy het aarde toe gegaan.

150 En Hy het gesê: “Nou julle, elkeen van julle seuns van Adam, neem julle wat Ek julle gee om mee te veg, en veg soos julle kan, die beste wat julle kan.”

151 En Hy het nooit ’n swak plek gevind, deur teologie, of deur die bou van kweekskole, of die oprig van kerke nie; maar Hy het gegaan waar die spiese die ergste was, af deur die dal van doodskaduwee. En Hy het die dood en siekte ingetrek, met Sy arms, in Sy eie boesem in. En die Heilige Gees teruggestuur op die Dag van Pinkster, om in ons hande te plaas, en om van elke seun van Adam te verwag om te veg soos ons kan. Al word jy bespot, al word jy vervolg, al word jy “holy-roller” genoem, al die res; veg so goed jy kan, want die oorwinning is seker. En dank God! [Broer Branham klap sy hande twee keer—Red.] Die vyand is verslaan. Sy belering is verbreek. En die groot Kaptein van ons verlossing lei voort, vandag, deur die doop van die Heilige Gees.

152 O, seuns en dogters van Adam, waarom sit julle hier tot julle doodgaan? Kom ons staan op en doen iets. Kom ons vat wat ons het, al is dit niks meer as ’n sterflike lip wat nog kan beweeg nie. Kom ons prys God. Kom ons dank Hom vir ons verlossing.

153 As jy 'n sondaar is, kan jy nooit jouself uit die steengroef van hierdie aarde uitroep, waaruit God jou geskiet het met die Evangelie nie. Maar, staan stil en laat God jou saag, om jou in die Gebou te plaas.

154 As jy siek is, onthou, Jesus het beide die dood, hel, siekte, graf, en alles oorwin, toe Hy vir jou gesterf het op Gólgota. Kom ons vat wat ons het vanmôre, en veg na die beste van ons wete.

155 Terwyl ons ons hoofde gebuig het vir 'n woord van gebed; en as ek die suster vra om een of ander goeie lied op die klavier te kom speel. Terwyl ons almal . . .

156 Verstandige, bestendige mense, waardeer julle, vanmôre, die dood van ons Here Jesus? Julle kerke sal nie werk nie, so goed soos hulle kan wees. Julle skole sal klaaglik misluk, so goed as wat hulle kan wees. Jou dokter sal klaaglik misluk, so goed soos hy mag wees. Maar, vanmôre, laat ons ons blik wegdraai, laat ons ons oë wegdraai van die wette van die kerke en die denominasies, en die dokter se spreekkamer, en so goed soos hulle almal is, en kom ons hoor daardie Stem wat uit die Skaduwee kom wat ons oorskadu vanmôre: "Dit is My geliefde Seun; luister na Hom."

157 Dierbare Hemelse Vader, so nederig soos wat Christene kan nader, kom ons namens die verlorenes en behoeftiges. Neem hierdie woorde, vandag, en, o, Heilige Gees wat die Kerk lei, leer U kinders na God, vandag. Baie mag weggeval het langs die pad, en ken nie meer die pad van God nie. Hulle is swart en verduister, hulle hoop is beskaam, maar mag hulle Gólgota weer aanskou, waar U die vurige pyle van die vyand van die dood afgeweer het, die vyand van siekte, die vyand van verdriet, die vyand van die ganse mensdom. En daar het U dit geplaas in U boesem, en die weg gebaan. En onderdeur daardie swart skaduwee, vanmôre, sien ons ons Huis in die Heerlikheid.

158 Soos von Winkelried gesê het: "Agter die berg is 'n huis, waar hulle vir my wag om na toe terug te kom, maar hulle sal my nie weer sien nie."

159 Maar, Jesus, U het nooit gesê: "Hulle sal My nie weer sien nie." U het gesê: "In My Vader se huis is baie wonings. Ek sal gaan en een gereedmaak en kom en julle kom haal, en julle Self ontvang." Hoe ons die dapper dood van Winkelried respekteer; maar hy was 'n sterfling, hy kon net sterf en agterlaat. Maar U het gekom om te sterf en te verlos, en ons te bring, nie weg van ons geliefdes af nie, maar na ons geliefdes toe; nie weg van ons huise af nie, maar na ons Huis toe. En 'n lyn deur die duisternis van die dood gekap, sodat ons agter die sluier in kon sien, waar die seëninge van God lê.

160 En nou, vandag, Dierbare Vader, as daar enige van U kinders is wat U geskiet het met die Evangelie, uit die steengroef van die lewe, en begeer om hulle so te maak, en aan hulle gekap het vanmôre, en hulle gesny het, hulle gewoontes afgesaag het, en

hulle bose denke, en hulle nydighede en afvalligheid. En nou wil U hulle weer plaas, en hulle in die Gebou inpas. Sal U net nou tot hulle harte spreek?

161 En terwyl ons ons hoofde gebuig het, sou daar ’n kind hier wees, vandag, wat van die weg afgedwaal het, of miskien nog nooit die weg aanvaar het nie? Maar jy voel, vandag, dat jy ingesluit wil word; jy graag ’n steen wil wees wat ingepas is in die Gebou van God? Sal jy jou hand opsteek na Christus, sê: “Christus, kap af my wêreldsheid.”

162 God seën jou daaragter, jongkêrel. God seën jou, dame. God seën jou, meneer. God seën jou, my suster. God seën jou. Iemand anders?

163 Nou met julle hoofde gebuig, terwyl ons wag op die Heilige Gees, en jy weet of jy God faal of nie. Het jy nagelaat om te gaan toe jou groot Oorwinnaar gesê het: “Kom, volg My. Neem op jou kruis, verloën jouself, kom agter My aan. Ek sal die linies van die vyand breek. Ek sal die linies van sonde breek. Ek sal die linies van siekte breek. En volg jy My en veg so goed jy kan, want Ek sal ’n gat daardeur maak, en ons huise sal bewaar word tot Ewige Lewe.”

164 Is jy ’n vreemdeling, verwyder van God? Steek net julle hande op . . . God seën jou, kêreltjie. Iemand anders wat nog nooit hulle hande opgesteek het, deur hulle hand op te lig nie. Sê: “Onthou my vandag, Broer Branham. Ek wil nou na Christus toe kom. Ek . . . ” God seën jou, suster.

165 “Ek wil nou na Christus toe kom, om gekap te word deur Sy masjien. Iets het vanmôre my hart geraak. Ek is geskud, onder aan my binnekant. Ek is heeltemal hieragter geplaas met wêreldse gewoontes, die vuilheid en gemors op die aarde het ontbloot . . . het my bedek. Maar die Evangelie, het my vandag ontbloot, en ek staan as skuldig voor God, en ek weet dit. En ek wil hê God moet my neem as ’n steen, vandag, en my uitkap, en my ’n belydenis gee van die Here Jesus en die Heilige Gees, en my plaas in Sy Koninkryk. Ek wil ontbloot word vandag. Soos ek ontbloot is, wil ek gesaag word en in Sy Koninkryk geplaas word.” Sal jy jou hande opsteek na Hom, voor ons gebed het vir die—die sondaar? Goed.

166 Daar is vier of vyf hande wat op was. Ek sal vir julle bid. Nou ons het miskien nie die manier om ’n altaar-oproep te maak nie, miskien as julle net ’n paar oomblikke sal wag. Ek gaan . . . Na gebed vir die siekes, wil ek julle ook hierbo hê. Maar ek gaan nou vir julle bid, dat God net iets spesiaals vir julle sal gee op hierdie tyd.

167 Ons Hemelse Vader, dis geskrywe in U Heilige Woord, volgens die geskrifte van U skrywer, Matthéüs, die 5de hoofstuk, die 24ste vers: “Hy wat My Woorde sal hoor, en glo aan Hom wat

My gestuur het, het ewige Lewe; sal nie in die oordeel kom nie, maar het oorgegaan uit die dood in die Lewe."

168 Hoor die nederige en swak pleidooi van U dienskneg, vir elkeen van diegene wat hulle hande opgesteek het. U het gesê: "Niemand kan na My toe kom, as My Vader hom nie trek nie." En U het vanmôre getrek, en hulle het gehoor, en hulle het hulle hande opgesteek. "Geloof kom deur die gehoor, en die gehoor van die Woord." En ek dank U vir hulle vandag. En ek bid dat U elke gelowige sal reinig vandag. En vul met die Heilige Gees, hulle wat die honger harte het, wat die wêreld uitgegooi het, vanmôre, en graag gesaag wil word as 'n gevormde steen in die Meester se Gebou. Ons vra dit in Christus' Naam. Amen.

169 Voel jy nie net anders nie? Neem die Heilige Gees nie net God se Woord soos 'n skropborsel, en skrop net die dinge van die wêreld uit nie? Dan voel jy nuut. Kom ons sing nou hierdie wonderlike ou lied, nog net een keer, tot die eer van God. "Daar is 'n fontein gevul met Bloed, getrek uit Emmánuel's aar." Almal saam nou. Goed.

Daar is 'n fontein gevul met Bloed,
Getrek uit Emmánuel's aar,
En sondaars gedompel onder die vloed,
Verloor . . . sondevlek.
Verloor elk' sondevlek,
Verloor elk' sondevlek;
En sondaars gedompel onder die vloed,
Verloor elk' sondevlek.

170 Ek gaan net nou vir julle iets vra. Hoeveel voel dat julle sonde net alles onder die Bloed is? Sal jy net jou hand opsteek. "Ek glo nou dat God my vergewe, en ek—ek Sy kind is." O, goeiste!

Nou, die sterwende dief, hy was verheug om te sien
Daardie fontein daar in sy dag.

Hy was sterwend. Hy was verheug om die fontein in sy dag te sien.

Daar mag ek, tóg vuil soos hy,
Al my sonde ook wegwas.

171 Terwyl ons hierdie vers sing, en ons dan by die koortjie kom, wil ek hê jy moet hande skud met iemand wat naby jou sit. Sê: "God seën jou, Christenbroer, suster," wie dit ook al is. Nou, laat ons nou tot die Here sing. Eers, laat ons—laat ons ons hande opsteek, as ons kan, en sing: "Die sterwende dief . . ." Nou, by die koortjie, skud dan hande.

Die sterwende dief was verheug om te sien . . .

Vader, ons aanbid U nou.

. . . tein daar in sy dag;
En daar mag ek, tóg vuil soos hy,
Al my sonde ook wegwas.
Al my sonde ook wegwas,
Al my sonde ook wegwas;

Nou neem mekaar aan die hand.

En daar . . .
Al my sonde ook wegwas.

172 Hoe bly is ons vandag, as Christengelowiges, as medeburgers van die Koninkryk, dat God al ons sonde weggewas het, en ons nuwe skepsels in Christus Jesus gemaak het. Nou, is julle bly vir die Here? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Wonderlik!

173 Nou onthou, vriende, die dienste sal weer terug wees hier, vanaand. God seën julle.

174 Ek het 'n bietjie langer gevat, vanmôre, as wat ek beoog het. Ek het 'n afspraak net hierna, na die diens. En ek moet party van my dierbare vriende ontmoet. Ek wonder of dit moontlik is dat ons dit dalk kan uitstel na vanaand, wanneer ek terugkom vir die dienste vanaand. Want, ek net . . . Ek het gedink ek sou klaar wees teen elfuur, en nou het ons 'n . . . Hoeveel moet voor gebid word? Laat ons julle hande sien opgaan, oral. Ons het 'n groot gehoor om voor te bid.

175 En ek het julle vertel hoe daardie Lutherse man, daarbo, vir my so 'n brief geskryf het en my veroordeel het, en gesê het: "'n Man wat vir die mense gepreek het," wat ek het: "en sou sê die duiwel kan nie genees nie," sovoorts. En ek het hom net so sagmoedig geantwoord as wat ek geweet het.

176 Hy het teruggeskryf, 'n brief, en gesê: "Ek sal jou graag wil ontmoet by die Sakemanne se Konvensie."

177 En ek—en ek het Broer Moore gevra of hy vir hom 'n plek kon gee. Hy het gesê: "Ja."

178 En hulle het my buite na die Lutherse kweekskool toe gevat, en 'n middagete daar gereël, waar al die studente en daardie leraars. En hierdie was die dekaan; hy het langs my gesit. En ons het saam middagete geëet. En hulle was Duits. En hulle het 'n—'n—'n groot ete voorberei. En al die—die dames het ons bedien, ensovoorts. Na die middagete verby was, het hierdie Lutherse dekaan, van die Lutherse kollege opgestaan en gesê: "Broer Branham, ek het jou hiernatoe gebring vir een doel." Hy het gesê: "Dit is, ons wil God vind in die doop van die Heilige Gees." Ek het na hom gekyk; gekyk na Broer Moore. En Broer Moore het na my gekyk. Hy het gesê: "Ek het jou gekritiseer, en ek's jammer." Gesê: "Broer Branham, jy is reg, en ek vra dat jy my sal vergewe. En nou wil ons die doop van die Heilige Gees hê." Gesê: "Ons het baie omskop van stoele en dinge wat ontwrig word gesien, maar" gesê: "ons wil die ware Heilige Gees hê."

179 Ek het gesê: "Glo jy?" Hy het gesê . . . Ek het gesê: "Wat is die Lutherse kweekskool . . . Wat is die Lutherse denominasie?"

180 Gesê: "Ons gee nie om wat die Lutherse denominasie nie. Ons wil Christus hê."

181 En Bob Schuler en hulle, die redakteur van die Christen Herald, en hulle, het pas die Heilige Gees ontvang, 'n boesemvriend van Billy en hulle almal. Daardie broers is honger vir die Heilige Gees. En toe het ek gesê . . .

Hy het gesê: "Is Dit vir Lutherane?"

Ek het gesê: "Dis vir: 'Wie ook al wil, laat hom kom.'"

Hy het gesê: "Hoe kan ons Dit ontvang?"

Ek het gesê: "Is julle regtig opreg?"

182 Hy het gesê: "Ja, Broer Branham, uit die diepte van ons hart."

Ek het gesê: "Wat van julle studente?"

183 Elke hand het opgegaan, en trane wat teen hulle wange afloop. "Ons wil Jesus hê."

184 Ek het gesê: "Skuif terug julle borde. Neem julle banke, skuif dit oorkant teen die muur." Elke man het, reg rondom. Ek het gesê: "Nou kniel neer en draai jou gesig na die muur toe, en begin God vra vir die Heilige Gees." En ek het Broer Moore laat opstaan en bid. Ek het gegaan, hande op elkeen gelê, en al twee-en-sewentig studente, en die dekaan, het die doop van die Heilige Gees ontvang. En hulle skud daardie streek daarbo, met die wonderwerke en werkinge van God. Hulle hou genesingsdienste en alles, die Lutherse kweekskool.

185 O, ek kon sing na hartelus! Hoekom? Wanneer jy honger en dors!

186 Hierdie arme, klein vroutjie wat hier op sterwe lê, met kanker, sekerlik honger en dors sy, vanmôre, dat God haar sal genees. En daar is baie van julle wat hier sit met hartprobleme. Sekerlik. Jy sal binnekort sterf, as God jou nie genees nie. Daar is baie wat ander kwale het, wat baie erg is. Maar, vriend, moenie soek vir geregtigheid nie; jy kan nie geregtigheid betaal nie. Moenie kyk na die wet nie, want die wet kan nie onderhou word nie. Maar, kyk net na Jesus, want Hy is die Een Wat jou verlos het. En, deur geloof in Sy Naam, kan jy gesond gemaak word vanmôre.

187 En as God sewentig Lutherse—Lutherse predikers kon uitstuur, om die Evangelie te verkondig, met die doop van die . . . deur hande op te lê. Jesus het gesê, toe Hy vir ons ons oorloë gegee het . . . Soos von Winkelried, hy het gesê: "Veg met wat ons het." Hier is wat Hy gesê het: "Vir dié wat geglo het, sal hierdie tekens volg. In My Naam sal hulle bose geeste, of duiwels, uitdryf. Hulle sal met nuwe tale spreek. En as 'n slang hulle sou pik, sou dit

hulle nie kwaad doen nie. Hulle sal hande op die siekes lê, en hulle sal gesond word."

188 En kyk na die groot kap, reg rondom die wêreld nou, gaan die Evangelie aan. En die seuns van Adam, wat die genade van ons Here Jesus Christus opgeneem het, veg hulle pad oop, en kap nou 'n lyn deur die vyand. En ons neem net soos ons kan.

189 En soos julle gesonde mense, vanmôre, wat goeie gesondheid waardeer, hierdie onthou terwyl ons vir hulle bid.

190 En ek vra dat die siekes in 'n ry aan *hierdie* kant sal staan, hier oorkant aan my regterkant. En as die ouderlinge sal kom om my te kom help, as julle sal. En ek vra die predikers van die Evangelie, as hulle hier naby sal staan, en bid.

191 Moet dan nie gaan as julle dit kan verhelp nie. Ons wil nog 'n altaar-oproep maak, net binne 'n oomblik, sodra ons kan. Die dienste sal nie verby wees, met hierdie genesingsdiens nie.

192 Nou staan in 'n ry aan *hierdie* kant. En ons gaan Broer Neville vra, ons dierbare geliefde broer, as hy sal doen soos wat ons soos gewoonlik voortgaan. As hulle kan . . . God seën jou, sus. Wat was dit? [Leë kol op band—Red.]

Glo net, glo net,
Alles is moontlik, glo net;
Glo ne- . . .

193 Kyk waarheen? Na Jesus. Dokters het misluk. Al die res het misluk. Maar: "Dit is My geliefde Seun, luister na Hom." Wat het Hy gesê? Hy het gesê: "Luister na Hom." Wat het Hy gesê? Wat het Hy gesê? "Glo net." Hoekom? "Alles is moontlik."

Vrees nie, kuddetjie, van die kruis na die troon,
Hy het ingegaan . . . in die lewe, Hy het enkel
alleen gegaan; . . . ? . . .
Hy . . . mag op aarde, alle mag daarbo,
Is gegee net aan Hom vir Sy liefdeskudde.

194 Alle mag, vir siekte, alles, aan Hom gegee. O- . . . "Luister na Hom: 'Glo net!'"

. . . -et glo,
Alles . . .

195 Wanneer dit alles faal; wanneer die dokter faal, wanneer alles faal, wat het Hy gesê? Glo net. [Leë kol op band—Red.]

196 'n Paar honderd, reken ek. Party van hulle kom in rolstoele. Een hier op 'n draagbaar, op sterwe.

197 Julle geliefde geneeshere, as mense wat die liggaam oopsny, die anatomie, en kyk en alles sien wat hulle kan, in hulle kennis, hulle probeer lewe red, maar baiekeer faal hulle.

198 Ons is so bly dat hierdie helder Wolk van heerlikheid oor Hom gehang het, gesê het: "Maar dit is My geliefde Seun." Toe die wet gefaal het, en geregtigheid nie nagekom is nie, toe het God

gesê: "Luister na Hom." En wat het Hy gesê? "Alles is moontlik, as jy net kan glo."

Help U ons ongeloof.

199 En as predikers van die Evangelie, gaan ons nou om die siekes te salf, en om hande op hulle te lê, soos toegewyde mense van hierdie tabernakel saam verenig in gebed. God, seën ons pogings, en genees die siekes, vra ons in Jesus' Naam.

200 Met ons hoofde nou gebuig in gebed, en terwyl die gemeente saggies *Glo Net* sing. Broer Neville sal salf. Ek sal hande lê op die siekes.

201 Dierbare Hemelse Vader, vars van agter die platvorm, waar ek staan tussen dood en lewe, tussen die sondaar en oordeel . . . ? . . . , hulle die ontsnappingsroete aan te dui. Ek gooi dit nou agter hulle, en lê hande op hierdie siek vrou. En terwyl die geliefdes staan, oor haar kyk. Nie een ding kan nou help, behalwe U nie. Ek lê hande op haar, soos U beveel het . . .

Geestelike Aanneming AFR56-0923
(Spiritual Adoption)

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik gelewer in Engels op Sondagoggend, 23 September 1956, by die Branham Tabernakel in Jeffersonville, Indiana, V.S.A., is geneem vanaf 'n magnetiese bandopname en onverkort gedruk in Engels. Hierdie Afrikaanse vertaling is gedruk en versprei deur Voice Of God Recordings.

AFRIKAANS

©2018 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

Voice Of God Recordings, South Africa Office
58 Disa Road, Admiral's Park, Gordon's Bay 7140 Western Cape
Republic Of South Africa

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org